# Hey! Brokkies Nuus
# 30 Mei 2012

**Nog nuwe gebeurtenisse by Hey! die afgelope maand, kan dit werklik waar wees?? :**

Vanessa is passievol oor Bonnytoun



**1.Bonnytoun detensie sentrum :** Vanessa het met Bybel klasse begin by hierdie **sentrum in Kraaifontein waar verhoorafwagtende seuns gerehabiliteer en gehuisves word.** Sy is baie opgewonde om 'n verskil te kan maak in hierdie seuns se lewens. Die feit is dat hulle pret het en lag terwyl sy met hulle die Evangelie deel en saad saai! Bid saam vir hierdie nuwe oop deur en wysheid met programme wat aangebied word.

**Dankie vir jou gebede, liefde en omgee!**



Landi,Lorraine,Susanna word opgelei deur Chris

**2.Hoop vir Kinders opleiding vir Firgrove primêr in Macassar:** Ds. Chris Bester het die Hoop vir kinders opleiding in Mei gefasiliteer. Die entoesiastiese vroue is toegerus om met kinders te werk en weer self kind geword vir die paar aande! Hulle gaan in hul gemeenskappe en skole die program aanbied. By Firgrove primêr is groep van 50 kinders wie opgewonde is oor vooruitsig om met die lesse te begin. Ons is in proses om te help met die implementering van program by hierdie plekke.

**Celeste Steinmann 082 322 5299**



Klein soldaatjie vir Christus ♥

**3. Belinda doen kinder Pinkster:** Sy getuig dat die Kinder Pinkster by EG Kerk Benoni baie geseënd was. Die tema was Soldaat vir Christus en die wapenrusting van Efesiërs 6 is gedoen. Een van die 6jarige seuntjies het sy ma om die been gegryp en uitgeroep "Mamma ek het my hartjie uiteindelik vir Jesus gegee, nou kan die duiwel maar sy pyle skiet tot hy blou is!"



Plaaskinders geniet die handwerk

Dokter Omgee! Beaumont gr3 leer 2 NBe vrae?



**4.Ander nuus van Skole bediening:** Die Pêrelprojek se plaaskinders geniet die **Groei-goggas** hierdie jaar en die "flipfiles" met handwerk is hul trots! Die "**Hoop vir Kinders**" by Lochnerhof & Beaumont gr 4 en **Kinder EEIII** by gr3 Beaumont rus die kinders toe om die Evangelie met ander te deel. In die leerproses word kind ook geleentheid gebied om self 'n keuse vir Jesus te maak. **Wees saam bly oor baie oorgawes die kwartaal by hierdie verskeie klasse.** Ons getuig maar die Heilige Gees oortuig!

**5.Vrywilligers,donateurs, Hey! lede en ons gesinne**'n Reuse dankie aan julle! Deur jul bydraes is dit moontlik om Romeine 10:14-15 waar te maak vir ons om kinders te bereik.**"Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie? Hoe wonderlik klink die voet-stappe van dié wat die goeie boodskap bring."**



Gr4 Engelse klas aanbieders..DANKIE JULLE!

Lochies vat vlam! Gr 7 Lochies ani brand vir Jesus !!

